

**Sing vooraf staande: Psalm 119:15, 17 (p. 589)**

- 15 Wees, o HEER, nou tog gedagtig / aan die woord, die fondament  
van die hoop en heilsverwagting / wat my troos in my ellend.  
Of ek al vir trotse mense / dwaas is en tot spottorny –  
nigtans het ek aan u woorde / stil my wandel toegewy.
- 17 As ek sien die wetverlaters, / kom daar skrik in my gemoed,  
en 'n heil'ge vuur van ywer / laat dit opbruis in my bloed.  
Want u wet wat hul verwerp het, / in hul agting waardeloos,  
is die stof van my gesange, / op my pelgrimspad my troos.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 146:1, 2, 3 (p. 700)**

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stoff!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –  
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,  
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE<sup>e</sup>alleen bly wag.

**Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

**Psalm 25:2, 6 (p. 115)**

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

**Gebed**

**Psalm 23:1, 2 (p. 107)**

- 1 Net soos 'n herder uitrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

**Skriflesing: Psalm 23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 1:1**

**Kernvers: Psalm 23:1, 4**

**Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.**

**Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.**  
(Psalm 23:1, 4 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 1

**Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?**

*Antwoord:*

*Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (j).*

*(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 1 Joh 2:2, 12.*

*(e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; Joh 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30;*

*Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 2 Kor 5:5; Efes 1:14; Rom 8:16. (j) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.*

**Tema:** Die troos om die HERE as jou herder te hê

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons weet almal hoe moeilik dit is om iemand te vertroos en te bemoedig wanneer 'n mens self nog nie in die omstandigheid was waarin die ander persoon is nie. As jy nog nie jou kind moes begrawe het nie, voel jy onbeholpe om iemand te troos wie se kind gesterf het.

Job se drie vriende het beter gedoen toe hulle vir sewe dae en sewe nagte net saam met hom gesit en treur het oor die rampe wat hom getref het (Job 2:12, 13). Dit was die beste troos wat hulle aan Job kon gee. Maar toe hulle begin praat het, het hulle Job se ellende net vererger – tot so 'n mate dat die Here vir hulle kwaad geword het omdat hulle nie die waarheid oor Hom, die Allerhoogste, gepraat het nie (Job 42:7). Hulle was onbeholpe met hulle woorde teenoor Job omdat hulle self nog nie sulke rampe beleef het nie.

Teenoor hierdie troos wat nie regtig troos is nie, kry ons die egte troos wat die Here in hierdie geliefde psalm aan ons gee. Die Heilige Gees lei vir Dawid as dienskneg van die Here om ware troos aan gelowiges te gee. Wanneer Dawid ons troos, kan hy dit opreg doen, want hy het die belewenis van 'n dal van doodskaduwee gehad. Hy ken die omstandighede waarin 'n mens benoud kan voel.

En teenoor die troos wat nie regtig troos is nie, kry ons ook hierdie egte troos wat die Here vir ons gee in ons Kategismus. Ons merk op dat die woorde **ek** en **my** oorvloedig in hierdie eerste antwoord en regdeur die Kategismus gebruik word. As ons moet sê wie is hierdie **ek** en **my** in die Kategismus, sal ons kan sê dit is die gelowige wat op hierdie vrae antwoord. En dit is inderdaad waar. Die Kategismus is die ware gelowige se belydenis van wat hy glo. Dit is sy belydenis van wat die Here self aan en in en vir hom gedoen het en steeds doen.

Maar wat hierdie troos in die Kategismus eg maak, is die feit dat hierdie woorde eerste die deurleefde belydenis van die ou vaders is wat die Kategismus opgestel het, onder andere van Caspar Olevianus self. Hy het ook die belewenis van 'n dal van doodskaduwee gehad. Hy ken die omstandighede waarin 'n mens so benoud is dat jy weet dit is net die troos van die Here wat jou behoue sal kan laat bly. Ons Kategismus is dus nie net mooi woorde wat in 'n studeerkamer geskryf is deur iemand wat niks van die regte lewe weet nie. En die troos in ons Kategismus is geput uit die Bybel wat ook nie in 'n studeerkamer geskryf is deur iemand wat niks van die regte lewe weet nie. Dawid het die regte

lewe aan sy eie lyf ondervind. En die Here wat self die troos is in ons Kategismus en in ons psalm weet hoe die regte lewe is. Jesus Christus, die Seun van God, is ook 'n egte mens soos ek en jy en Hy weet wat bloed en tranes is, daarom kan Hy ons troos wees.

Teenoor die Here sien Dawid homself as 'n skaap by sy herder. Soos wat 'n skaap weet wie sy herder is en dat hy by hierdie herder hoort, so weet Dawid ook deur die geloof wat die Heilige Gees in hom werk dat hy aan die Here behoort. Dawid het die Here as herder. Daarom sal die Here hom oppas en versorg, want Hy het hom sy eiendom gemaak, soos wat 'n herder 'n skaap sy eiendom maak. Sonder twyfel spreek Dawid sy vertrouens in die Here as sy herder uit wanneer hy sê:

**Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.** (Psalm 23:1 AFR53)

By die Here is Dawid veilig en geborge.

Die bewyse daarvoor sien Dawid in sy lewe van elke dag raak. Die Here bewaar hom deur aan hom alles te voorsien wat hy vir sy liggaam nodig het. Die Here voorsien kos en water en rus sodat sy liggaam kragtig kan bly om die werk te doen wat hy in diens van die Here het. Maar dit gaan vir die Here nie net oor die liggaam van sy dienskneg nie. Hy is ook besorg oor sy dienskneg se siel. Daarom verklik en verfris Hy ook sy siel deur hom te lei in die spore van geregtigheid. Hierdie spore van geregtigheid is die onderrig en onder-wysing wat Dawid van die Here in sy Woord ontvang en waarin die Heilige Gees hom lei om in te lewe.

'n Mens sal kan sê: Ja, dit is maklik om jou vertrouens in die Here uit te spreek wanneer dit goed gaan, Dawid. Om te sê dat jy in die Here glo wanneer dit met 'n mens goed gaan, is maklik. Ongelukkig is dit hoe baie mense oor geloof in die Here dink. Wanneer hulle Jesus Christus as hulle Verlosser aanvaar, verwag hulle dat alles sommer net voor die wind moet gaan. Al 'n mens se probleme verdwyn soos mis voor die son en die antwoorde vir al jou vrae kom sommer dadelik nadat jy die Here gevra het en amen gesê het. In die regte lewe werk dit egter nie so nie. In die regte lewe is daar ook tranes en bloed en seerkry en benoudheid.

As Dawid dan sê: **Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie**, sê hy dit met oor-tuiging, want hy weet wat tranes en hartseer en benoudheid is. Sommer vroeg in sy lewe moes hy soos 'n wildsbok vlug voor Saul wat op hom jag gemaak het. By geleentheid het hy in 'n grot weggekruip en Saul het in die grot ingekom. Hy kon nie eers hard asemhaal nie, want dan was hy dood. Dan was daar ook die keer dat Dawid voor sy eie seun Absalom moes vlug. In albei hierdie benoude omstandighede en nog baie ander wat ons ook nog kan opnoem nie, het die Here sy dienskneg behoue laat bly. Hierdie woorde, **Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my** (Psalm 23:4 AFR53), is daarom nie maar net mooi woorde nie. Dit is die deurleefde belydenis van 'n man wat die trou en liefde en genade van die Here aan sy liggaam en siel gevoel het. Die Here is werklik Dawid se troosvolle herder. Selfs in benoudheid het niks hom ontbreek nie, want die Here was by hom. Die Here het sy belofte om Dawid se God te wees volgehou in alle omstandighede – toe dit goed gegaan het sowel as toe hy benoud was.

Broers, susters en kinders, wat Dawid onder leiding van die Heilige Gees aangaande die Here getuig het, het Jesus Christus kom vervul. Jesus Christus is die herder van die gelowiges. Hy het sy lewe afgelê vir sy skape sodat hulle mag weet en vertrou dat hulle regtig aan Hom behoort. Soos vir Dawid sorg ons goeie herder ook vir ons. Kos, klere, huisvesting, gesondheid, al hierdie dinge kom ons toe uit ons hemelse Vader se hand omdat Christus ons vir Hom losgekoop het uit die mag van die sonde.

Ja, kan iemand sê, maar ongelowiges geniet ook hierdie aardse gawes van kos, klere en gesondheid. Dit is inderdaad so. Maar dit is net aan sy verlore kinders wat die Here ook sy seën saam met hierdie gawes gee. Daarom kan Dawid in Psalm 37 sê:

**In tyd van nood sal hulle (dit is die gelowiges) nie verleë staan nie, in tyd van gebrek sal hulle genoeg hê, en: Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.**  
(Psalm 37:19, 25 AFR83)

Al het die gelowige nie 'n tafel vol kos nie, word hy tog versadig van wat die Here vir hom gegee het omdat die Here sy seën saam met die gawe aan die gelowige gegee het.

Daarom sê ons dat die Vader aan ons aardse gawes gee ter wille van sy Seun wat ons vir Hom losgekoop het uit die mag van die sonde. Ons sondes wat ons van God af weggehou het, is deur Jesus Christus weggeneem toe Hy sy lewe vir ons afgelê het. Soos in die geval van Dawid, gaan dit vir die Here ook nie net oor ons liggame nie, maar ook oor ons siele. Daarom verfris Hy ook ons siele met die onderrig en onderwysing uit sy Woord. Die Heilige Gees laat ons die beloftes van genade uit die mond van die Here self hoor sodat ons met liggaam en siel aan die Here kan vaskleef deur die geloof.

En hierdie belofte van genade en troos word nie vir ons maar net so in die bondel gegee nie. Die Here werk met elkeen van sy kinders persoonlik. Soos wat Dawid persoonlik die belofte ontvang het dat die Here sy God is toe hy besny is, so het die Here persoonlik aan elke kind van Hom persoonlik die belofte gemaak dat ons deur die kosbare bloed van Jesus Christus aan Hom behoort met liggaam en siel. Toe ek en jy gedoop is, het Jesus Christus aan ons die belofte verseël dat net sy bloed wat vir ons gestort is ons van al ons sondes skoon kan was en ons voor sy heilige Vader regverdig kan laat staan. Regverdig in hierdie sin beteken om voor God te staan as mens wat vrygespreek is van alle skuld wat ek teen Hom gehad het.

Deur die geloof wat die Heilige Gees in elke gelowige kind se hart werk, word hierdie belofte dat ons deur die kosbare bloed van Christus aan Hom en sy Vader behoort 'n al groter werklikheid. In die gelowige se hart groei die vertroue dat Christus se verlossings-werk nie net vir ander nie maar ook vir hom persoonlik bedoel is. En deur die geloof beleef die gelowige die troos dat hy aan Christus behoort. Verder verseker die Heilige Gees hom dat hy deur Christus ook 'n erfgenaam is van die ewige lewe.

Tog het ons nou al gesê dat dit maklik is om te sê dat jy die troos het om aan Christus te behoort wanneer dit met 'n mens goed gaan. Ons weet ook dat die Here met elkeen van sy kinders persoonlik werksaam is. Omdat Hy hierdie troos so 'n groot werklikheid in ons lewens wil maak dat ons nooit ooit daarvoor sal twyfel nie, beskik Hy dat ons ook soms in 'n dal van doodskaduwee ingaan. Die Here het dit in Caspar Olevianus se lewe beskik.

Toe Caspar sy studies in Frankryk voltooi het waar hy onder die invloed van die Hugenote was, het hy teruggegaan na sy geboortedorp. Die inwoners was nog lidmate in die Roomse Kerk. Aan hulle het hy die evangelie van Jesus Christus verkondig soos wat die Here hom dit laat ontdek het. Verlossing is slegs deur Jesus Christus moontlik en 'n mens kry slegs deur die geloof deel aan hierdie verlossing op grond van die genade van God alleen. Die mense het ywerig na hom geluister en ook deel van die Reformasie geword.

Die owerhede wat Rooms gesind was, was nie tevrede met hierdie toedrag van sake nie. Toe die owerheid vir Caspar wou arresteer oor sy prediking, het die dorpsmense dit teengestaan. Om die mense te dwing is hulle landerye aan die brand gestee. Uiteindelik is Caspar gevange geneem en in die tronk opgesluit oor sy geloof. Caspar Olevianus het die verskriklikheid van die sondeval net so erg beleef as wat ek en jy dit vandag ook nog beleef. Maar dit is in daardie dal van doodskaduwee waar Caspar Olevianus onder andere geleer het watter troos dit regtig is om aan Jesus Christus te behoort met liggaam en siel in lewe en in sterwe. As hy dan uiteindelik saam met Zacharias Ursinus

op die ouderdom van ses en twintig die Heidelbergse Kategismus opstel, is dit nie eentonige woorde oor goed waarvan hy net in boeke gelees het nie. Hy skryf sy geloof neer soos wat die Here hom dit laat beleef het in 'n donker, koue tronksel waar hy nie op die genade van 'n Rooms gesinde owerheid of op sy eie vernuf kon reken nie, maar alleen kon reken op die getrouheid van sy Verlosser wat hom losgekoop het uit die heerskappy van die duiwel.

In watter dal van doodskaduwee jy op die oomblik mag wees, geliefde, weet ek nie, maar op grond van die Here se belofte aan jou persoonlik kan ek jou verseker dat jy nie alleen in daardie donkerte is wat jou benoud maak nie. Die Here is saam met jou daarin, want Hy wil jou laat sien en hoor en beleef hoe 'n groot troos dit regtig is om aan Jesus Christus te behoort. En wanneer die Here jou deur hierdie dal gelei het en weer sy lig helder oor jou laat skyn, sal jy met nog meer oorgawe en meer sekerheid kan getuig dat jou enigste troos in lewe en in sterwe is om met liggaam en siel aan jou troue Verlosser, Jesus Christus, te behoort.

So 'n getuigenis van jou geloof in Jesus Christus maak die Here se Naam groot, want daar is niks en niemand anders wat 'n mens so kan bewaar en versorg soos wat Hy dit doen nie. En deurdat die Here jou deur so 'n dal van doodskaduwee gelei en behoue laat bly het, stel Hy jou in staat om ander mense met oortuiging te vertrouos wanneer hulle benoud en seer is. En omrede die Here jou so gelei het en jy in jou verhouding met die Here nog nader aan Hom kon groei, kom jy agter dat die Heilige Gees jou nog meer gewillig en bereid maak om vir die Here alleen te lewe.

Geliefdes, die troos wat ons het om met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus te behoort is so groot en ryk dat dit eintlik onmoontlik is om in een preek oor te vertel. Mag die Here daarom van elkeen van ons 'n preek maak waarin Hy sy trou en liefde en genade so duidelik verkondig deurdat Hy elkeen van ons hierdie troos onophoudelik sal laat beleef. En mag die Heilige Gees ons met die Woord so verkwik dat ons nie anders kan nie as om die lof van die Here te wil verkondig met heel ons lewe.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 71:13, 14 (p. 356)

- 13 U het my baie teëspoede / laat sien; maar U sal my / weer van die dood bevry,  
my ophaal uit die watervloede. / My grootheid – maak dit meer, / En troos U my, o HEER!
- 14 Ek sing 'n lofsang by my snare, / 'n lied van troos en trou / waarin 'k u lof ontvou,  
o Heilige by Isr'els skare! / Ek roep, tot vreug herbore: / "Verlos, en nie verlore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
14 Julie 2013